

# Die pratende sak

Caroline Lentupuru

Afrikaans

Op 'n dag was daar 'n groot vroulike reus. Sy het al langs die meer geloop, en daar sien sy drie klein dogtertjies.
Sy vra toe vir hulle: "Wie van julle se ouers is albei ewe lief vir jou?"





Die eerste dogtertjie sê: "My Mamma is die liefste vir my!"  Die tweede dogtertjie sê: "My Pappa is die liefste vir my !"

Die laaste dogtertjie antwoord: "My Mamma en Pappa is albei ewe lief vir my!"

Die reus vra toe die dogtertjie wat se ouers haar albei ewe lief het om haar te kom help om vuurmaakhout op die groot reus se rug te sit.

Die dogtertjie volg toe die reus om haar te gaan help.





Na die reus en die dogtertjie al ver geloop het vra die dogtertjie: "Waar is jou vuurmaakhout ?"
Die groot reus antwoord haar en sê: "Naby daardie bome."


Nadat hulle by die bome aangekom het, vra die dogtertjie weer: "Waar is die vuurmaakhout ?" Die reus antwoord: "Dit is nie meer ver nie dogtertjie!"





Hulle stap verder aan en loop 'n man in die bos raak. Die man vra die reus: "Wat is jou kind se naam?"
Die groot reus antwoord: "Die 'pratende sak.'"

Die dogtertjie begin uit volle bors sing:
"My naam is nie 'pratende sak' nie!
My naam is Kaamungei!
O! My mamma vir wie ek lief is!
O! My pappa vir wie ek lief is!
O! My kalbas waaruit ek melk gedrink het
!"





Toe die man hoor wat die dogtertjie sing het hy dadelik haar gered en haar terug gegee vir haar Mamma en Pappa wat haar albei ewe lief het!

Fluit, fluit my storie is uit!

# Die pratende sak

Writer: Caroline Lentupuru
Illustration: Wiehan de Jager
Translated By: Tariek Erasmus
Language: Afrikaans



© African Storybook Initiative, 2014

This work is licensed under a Creative Commons Attribution (CC-BY) Version 3.0 Unported Licence
Disclaimer: You are free to download, copy, translate or adapt this story and use the illustrations as long as you attribute or credit the original author/s and illustrator/s.

Saide
South African Institute for Distance Education
www.africanstorybook.org
A Saide Initiative